

**OMGEWINGSINVLOEDBEPALING:
VOORGESTELDE STEENKOOKRAGSTASIES EN GEPAARDGAANDE INFRASTRUKTUUR IN DIE
WATERBERG, LIMPOPO
MAART 2009**

**OPDATERING VAN DIE KONSEP OMVANGBEPALINGSVERSLAG
NA DIE FINALE OMVANGBEPALINGSVERSLAG**

FINALE OBV - OPDATERINGSBLAD

Hierdie opdateringsblad beskryf die proses wat gevolg is sedert die Konsep Omvangbepalingsverslag (KOBV) op 5 November 2008 vir kommentaar aan Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (B&GPe) beskikbaar gestel is. Dit gee ook 'n opsomming van die veranderinge wat, in antwoord op die proses van openbare deelname, aan die KOBV gemaak is. Die volgende stappe in die Omgewingsinvloedbepalingsproses (OIB) word kortliks herhaal.

Proses sedert die Besikbaarstelling van die KOBV

Die volgende proses is sedert die beskikbaarstelling van die KOBV gevolg:

- Die KOBV is vanaf 5 November 2008 by die kantore van Agri Lephalale, die Lephalale Plaaslike Munisipaliteit, die Lephalale Openbare Biblioteek, Marapong-kliniek, Lephalale Distrikslandbou-unie en Theunispan Kontant Winkel, sowel as op Ninham Shand en Eskom se webwerf beskikbaar gestel.
- Die beskikbaarheid van die KOBV en 'n uitnodiging na 'n ope dag en openbare vergadering is tussen 31 Oktober 2008 en 7 November 2008 in die Beeld, Sowetan, Mogol Post, Die Kwêvoel, Limpopo Beat en Capricorn Voice geadverteer (verwys na **Bylae D**).
- Alle geregistreerde B&GPe is by wyse van 'n brief wat op 4 November 2008 gepos is, ingelig dat die KOBV vir openbare kommentaar beskikbaar is, en na 'n ope dag en openbare vergadering uitgenooi. (verwys na **Bylae D**).
- Die ope dag en openbare vergadering is op Woensdag 26 November 2008 in Lephalale gehou en deur 11 B&GPe bygewoon. Notas van die vergadering is by **Bylae D** ingesluit.
- Die tydperk vir kommentaar is na 30 Januarie 2009 uitgestel en B&GPe is op 3 Desember 2008 skriftelik dienooreenkomstig ingelig (verwys na **Bylae D**).
- Grondeienaars is op 17 Desember 2008 per pos en e-pos uitgenooi om 'n fokusgroepvergadering (soortgelyk aan die openbare vergadering van 26 November 2008) by te woon (verwys na **Bylae D**). Hierdie grondeenaar-fokusgroepvergadering het op Saterdag, 24 Januarie 2009 plaasgevind en is deur 36 B&GPe bygewoon (notas van die vergadering is by **Bylae D** ingesluit).
- Elf skriftelike kommentare is op die KOBV ontvang en is in **Bylae F** van die Finale Omvangbepalingsverslag (FOBV) vervat.
- Alle geïdentifiseerde kwessies is in die Kommentaar- en Antwoordverslag 2 opgeneem, tesame met die projekspan se antwoorde daarop (verwys na **Bylae G** van die FOBV).

Opdatering van die KOBV na die FOBV

Op grond van B&GPe se kommentaar, is 'n aantal veranderinge aan die Omvangbepalingsverslag en die Studieplan vir die OIB aangebring. Byvoegings is onderstreep, terwyl teks wat uitgehaal is, deurstreep is, bv verslag. Die mees betekenisvolle veranderinge word vir u gerief hieronder uiteengesit.

Algemene veranderinge aan die FOBV:

'n Aantal minder belangrike veranderinge aan die Verslag wat nie in die teks aangedui word nie, sluit in:

- Die opgedateerde KOBV staan nou bekend as die “*Omgewingsinvloedbepaling: Voorgestelde Steenkoolkragstasies en Gepaardgaande Infrastruktuur in die Waterberg, Limpopo*” *Finale Omvangbepalingsverslag: Maart 2009*”; en
- Grammatika- en tipografiese veranderinge.

'n Lys van die bykomende wetgewing, beleidsraamwerke, planne en regulasies wat as deel van die OIB bestudeer moet word, is in Afdeling 1.2.5 gelys.

Die volgende inligting is o.a. in die opgedateerde bylaes opgeneem:

- Gelyste aktiwiteit 1 (k) in Goewermentskennisgewing (GK) Nr R387, naamlik:
 - (a) “*die land, parkeer en onderhoud van lugvaartuie, uitsluitende ongeteerde landingstrok korter as 1,4 kilometer in lengte, maar met inbegrip van –*
 - (i) *lughawens;*
 - (ii) *aanloopbane;*
 - (iii) *waterweë; of*
 - (iv) *strukture vir enjintoetsing*”

is by die Aansoekvorm in **Bylae B** van die FOBV ingesluit. Gelyste aktiwiteit 13 in GK Nr 386, naamlik:

“Die onttrekking van grondwater teen 'n volume waar enige algemene magtiging uitgereik ingevolge die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet Nr 36 van 1998) oorskry word.”

is verwyder.

- Die lys van eienaars wat direk geraak word is in die Aansoekvorm opgedateer en vervang die oorspronklike lys in die KOBV. Grondeienaars se briewe van goedkeuring is ook in **Bylae B** van die FOBV vervat.
- 'n Afskrif van die advertensie wat op 21 September 2008 in die Rapport geplaas is om die aanvang van die projek te adverteer, is in **Bylae C** vervat.
- Die databasis vir B&GPe is opgedateer en word in **Bylae E** van die FOBV vervat;
- Kommentaar op die KOBV is in **Bylae F** vervat.
- Kommentaar op die KOBV is in Kommentaar- en Antwoordblad 2 in **Bylae G** beantwoord.

Die bykomende inligting in 'n nuwe bylae (**Bylae D**), sluit in:

- 'n Kennisgewing oor die beskikbaarheid van die KOBV en 'n uitnodiging na die ope dag en openbare vergadering is op 4 November 2008 aan alle B&GPe gestuur;
- 'n 2^{de} rondte advertensies: Kennisgewings oor die beskikbaarheid van die KOBV en 'n uitnodiging na die ope dag en openbare vergadering is tussen 31 Oktober 2008 en 7 November 2008 in die Beeld, Sowetan, Mogol Post, Die Kwêvoel, Limpopo Beat en Capricorn Voice geplaas;
- Plakkate en notas (asook aanbiedings) van die ope dae en openbare vergaderings wat op 26 en 28 November 2008 en 24 Januarie 2009 gehou is en waartydens die KOBV bespreek is. Die notas is uitgestuur aan elkeen wat die onderskeie vergaderings bygewoon het.
- Kennisgewing oor die verlenging van die tydperk vir kommentaar; en
- Uitnodiging aan grondeienaars na die fokusgroepvergadering.

Die Inhoudsopgawe en Inhoudsblad waarin die bylaes/ dokumente van die FOBV gelys is, is ook aangepas.

Opdatering van die Studieplan vir die OIB

Die volgende is spesifiek by die studie oor die akwatiese ekologie ingesluit:

- Kommentaar op die bron wat die vleiland van water voorsien en die identifisering van moontlike impakte op enige vleilande stroomaf van die ontwikkeling;

Op versoek van die Departement van Omgewingsake en Toerisme (DOS&T) is die volgende by die ergste-geval bedryfscenario by die spesialisstudie vir lugkwaliteit ingesluit: die Mmamabula Kragentrale in Botswana met 'n kapasiteit van 2 400 MW, die Morupule Kragentrale in Botswana, die beoogde Morupule B Kragentrale en 'n Exxaro Kooks-aanleg.

Die twee bedryfscenario's vir een kragentrale op enige van die alternatiewe terreine, en vir twee kragentrales op enige twee alternatiewe terreine met FGD, maak nou ook voorsiening vir 'n scenario waar die FGD teen 'n doeltreffendheidsvlak van 60% bedryf word. Die opdrag aan die studie oor lugkwaliteit is dienoreenkomstig aangepas.

Op versoek van die DOS&T is daar voorgestel dat die lugkwaliteitstudie deur 'n eweknie nagegaan word. Die opdrag vir laasgenoemde oorsig is ingesluit en word hieronder uiteengesit:

- Bepaal of die studie aan die gespesifiseerde opdrag voldoen.
- Bepaal of die metodologie/modellering voldoende beskryf is, en of dit op die studie van toepassing is. Bepaal verder of die tegniese inligting wat vir die studie gebruik is, toepaslik is en genoegsaam omskryf is. Bepaal of die model na behore bekragtig is. Hierdie oorsig is nie slegs op die geskrewe verslag van toepassing nie, maar ook op alle insetlêers, datalêers en uitsetlêers wat in die spreimodel gebruik is.
- Bepaal of aannames uitdruklik gestipuleer word en of beperkinge aangedui word.
- Bepaal of al die kwessies en onderwerpe op toepaslike wyse, en op 'n aanvaarbare vlak van detail, aangespreek is.
- Bepaal of daar enige opsigtelike gapings, weglatings of onjuisthede in die inligting is wat aangespreek moet word.
- Bepaal of die aanbevelings van die studie prakties is en die beste opsies weerspieël.

Twee deskundige lugkwaliteitsmaatskappye wat moontlik die oorsig kan uitvoer, is geïdentifiseer. Hulle is TRC, 'n maatskappy wat in Amerika gebaseer is, en uMoya-NILU, 'n maatskappy wat in Durban gebaseer is.

TRC is reeds vir meer as 40 jaar by lugkwaliteit betrokke en is wêreldwyd die leiers in en grootste verskaffers van dienste vir die meting van vrylatings. TRC is die tuiste van CALPUFF, 'n spreimodel vir lugkwaliteit wat in lugkwaliteitstudies gebruik word. TRC is onder andere betrokke by jaarlikse toetse vir die voldoening aan standaarde, kwik-steekproewe, die kartering van vrylatings en die monitering van omringende lugkwaliteit. Mnr Joe Scire, wat die oorsig sal behartig indien TRC aangestel word, is die vise-president van TRC se Atmosferiese Studiegroep en die hoofprogrammeerder van die Calpuff spreimodel. Hy beskik oor 'n magdom ondervinding en tree gereeld as raadgever vir verskeie nywerhede op.

uMoya-NILU is 'n raadgewende lugkwaliteitsmaatskappy wat Suid-Afrikaanse kundigheid en ondervinding met die hulpbronne van die Noorweegse Instituut vir Lugnavorsing (NILU) kombineer. uMoya-NILU se kundigheid in die bestuur van operasionele lugkwaliteit, raadgewende en navorsingsprojekte is oor meer as 25 jaar opgebou. Dr Mark Zunckel, wat die oorsig sal hanteer indien uMoya-NILU aangestel word, is 'n meteoroloog met 28 jaar se ondervinding in lugbesoedeling en meteorologiese navorsing. Sy ondervinding sluit in spesialisstudies op die lugkwaliteit van nywerheidsontwikkelings en die “*Dynamic Air Pollution Prediction System*”. Hy het ook die ontwikkeling van die Nasionale Raamwerk vir Lugkwaliteitsbestuur gelei. Dr Zunckel het kursusse in Lugkwaliteitsbestuur en spreimodellering aangebied, en is 'n Ereprofessor aan die Universiteit van Kwa-Zulu Natal.

'n Spesifieke insluiting by die grondgebruik-beplanningstudie:

- Bekom die titelaktes van die kandidaatterreine en lewer kommentaar op die sonering van plase en enige beperkende titelakteenwaardes.

'n Spesifieke insluiting by die maatskaplike invloedbepaling:

- Bepaal die gevolge van gemeenskappe wat moontlik verskuif mag word en/of van plaaswerkers op daardie plase wat vir die beoogde ontwikkeling aangekoop sal word.
- Bepaal die indirekte impakte van die beoogde projek op die dorp Lephalale wat die toegang tot hulpbronne en dienste betref, asook die impakte op die maatskaplike samestelling en die dorp se gevoel van plek.

Die KOBV is by wyse van die insluiting van hierdie Opdateringsblad na die FOBV opgedateer. Bykomende inligting is in Bylaes A – C en F – G vervat. 'n Nuwe bylae, Bylae D, wat inligting oor die tweede rondte openbare deelname bevat, is bygevoeg.

Die Pad Vorentoe

- Hierdie opdateringsblad is aan alle geregistreerde B&GPe op die databasis gestuur.
- Afskrifte van Kommentaar- en Antwoordblad 2 is aan alle B&GPe wat op die KOBV kommentaar gelewer het, gestuur.
- Afskrifte van die FOBV sal vanaf 9 April 2009 op dieselfde plekke as die KOBV vir die publiek beskikbaar gestel word, asook op Ninham Shand en Eskom se webwerf.
- Die FOBV is op 9 April 2009 by die bevoegde owerheid, naamlik die DOS&T)vir oorweging en oorsig ingehandig, asook aan Limpopo se Departement van Ekonomiese Sake, die Omgewing en Toerisme vir hulle kommentaar.
- Die DOS&T sal die FOBV en die Studieplan vir die OIB (tesame met Kommentaar- en Antwoordblad 2) deurgaang en 'n brief uitreik waarin hulle:
 - (i) Die FOBV en die Studieplan vir die OIB aanvaar en die Omgewingsbeoordelingspraktisyn (OBP) versoek om voort te gaan met die take soos in die Studieplan vir die OIB uiteengesit; of
 - (ii) Die OBP versoek om enige veranderinge wat deur die bevoegde owerheid aangevra word, aan die Verslag of die Studieplan vir die OIB aan te bring.

Ninham Shand wil graag almal bedank wat tot op hede aan die OIB-proses deelgeneem het.